**Skriflesing: Johannes 15 verse 1 tot 8, 12 tot 13 en 16**
**Tema: Christus is die ware wingerdstok.**

Die gemeente is tans besig om na sekere verbeterings te kyk aan ons kerkgebou. Ons verander ons eredienstye ter wille van meer effektiewe bediening. Dit is wat reformeer beteken. Die wêreld rondom ons verander. By ons as kerk kan alles nie maar net altyd dieselfde bly nie. Ons moet sinvolle aanpassings maak.

Tog is daar ook sekere goed wat in die gemeente en by ons as kerk nooit mag verander nie. Een van die dinge is die sentrale plek wat Jesus in ons geloof en gemeente inneem. Hieraan mag ons nooit aanpassings maak nie.

**Jesus is die wingerdstok (daar is slegs een stok)**
Die belangrikste deel van die wingerd is die stok. Die stok is die lewensbron van die wingerd. Vanaf die stok vloei lewenssap wat groei en vrug bewerkstellig na die lote.

Christus is ons as Sy kinders en gemeente se stok. Deur Sy menswording, kruisdood en opstanding het Hy ons sonde en dood oorwin en die stok geword waaruit lewenssap in ons lewens invloei.

Hy is die wingerdstok wat in my bly. Dit is Hy wat my kies om Sy loot te wees en vrug te dra. Ons lees in Johannes 15 vers 16: "Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra." Hy wil in my bly en wil dat ek in Hom sal bly en die wingerdstok se vrug sal dra.

**Ek is die loot wat in die wingerdstok moet bly**
Nêrens in die gelese gedeelte gee Jesus vir ons die opdrag om vrug te dra nie. Hy roep vir ons op om in Hom te bly. Dan sal ons vrug dra. In die agt verse wat ons gelees het, sien ons vyf maal dat ons in Hom moet bly.

Die Griekse woord wat hier gebruik word beteken om in 'n huis te bly. So moet ons in Christus bly. Ons moet geestelik by Hom intrek. Ons moet na Hom verlang, Hom soek, op Hom wag, Hom ken en liefhê, na Hom luister en Hom gehoorsaam.

Elkeen van ons moet in 'n persoonlike geloofsverbintenis met Jesus staan. Om as loot in geloof aan Christus oor te gee is 'n kop-, hart- en handsaak. Met ons kop ken ons Hom. Ons weet Hy wil in ons bly as Verlosser. Maar die afstand tussen hemel en hel is 30 cm. Dit is die afstand tussen my kop (kennis) en my hart (verhouding). Met my hart moet ek in Jesus glo as my Verlosser. Ek moet in 'n lewende verhouding met Hom staan. Dan is ek deel van Sy geestelike familie. En as loot dra ek dan die vrug wat Hy deur my werk. Met my lewe praat, doen en leef ek die vrug wat die Here in en deur my werk.

Oorgee as loot aan die wingerdstok is nie 'n eenmalige ding nie. Ek moet hoe langer, hoe meer aan die Here oorgee. Ek moet Johannes se gebed in Johannes 3 vers 30 gereeld bid: "Hy moet meer word en ek minder."

Vir 'n toekomstige dinamiese voortbestaan van my as gelowige en ons as gemeente moet hierdie geloofsverbintenis net hegter word, want sonder Christus en Sy lewenssap wat deur ons vloei, dra ons lewens geen vrug nie.

In Christus, lees ons in Johannes 15 vers 5 gaan ons baie vrug dra. In Christus sal ons as gelowiges en gemeente nooit stagneer nie. Ons sal 'n gemeente wees wat gekenmerk word aan beweging en groei. Ons sal groei uit Christus. Die teoloog Bultmann het tereg gesê: "Vir so 'n Christelike gemeente is genoeg nooit genoeg nie."

Die eerste vrug wat ons dra, is liefde. Dit is logies, want God is liefde. Wanneer die een wat vir my aan die kruis gesterf het se lewenssap deur my vloei, word ek al meer soos Hy.
Omdat ek in die Stok bly, vloei Sy liefdessap in en deur my lewe en ek kan nie anders om, soos Hy, in liefde 'n verskil te maak nie. Ons lees in Joh 15 vers 12 en 13: "12 Dit is my opdrag: Julle

moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet. [13]Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê."

Nog vrug in die lewe van 'n volgeling van Christus is gebed. Ons lees in Johannes 15 vers 7b in die Boodskap: "Julle kan maar in gebed vra wat julle nodig het om goeie, vrugbare takkies te wees, want julle sal dit kry."
Omdat Christus in ons woon en ons in Christus, is dít wat ek vra in lyn met wat God wil hê. Ek sal vra wat ek nodig het om vrug te dra en ek sal dit kry.

Waarom dra ek en ons as gemeente vrug? Omdat ons nie anders kan nie. Die wingerdstok se sap vloei deur ons. En die Vader word verheerlik as ons baie vrug dra. Hy snoei ons om meer vrug te dra.

In die gelese gedeelte leer ons die Vader ken as die Boer.

**God is die druiweboer.**
Hy gaan snoei, regsnoei of afsnoei.
Ons lees in Johannes 15 vers 2: "Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg, sodat dit nog meer vrugte kan dra."

Die Here is baie duidelik daaroor. Aan die wingerdstok is lote wat lyk soos die ware Jakob, maar die lote dra nie vrug nie. Ons noem sulke lote waterlote. God gaan sulke lote afgesny en hierdie lote is nie eens regtig goed vir vuurmaak nie.
So is daar mense wat lyk of hulle in die Stok is, maar hulle lewens dra nie vrug nie. Ons kan hulle Judaslote noem. Hulle lyk net soos die regte lote, maar hulle is skynheilig. Hulle is hier in die erediens, lidmate van die gemeente en selfs betrokke, maar die Stok se liefdeslewenssap vloei nie deur hulle nie. Daarom is dit belangrik dat ons eerlik vir onsself sal afvra watter Christusvrug ons lewens in die afgelope jaar gedra het.

Die Boer sal Sy ware lote regsnoei. Hy sny uit gelowiges se lewens die dele wat nie vrug dra nie. Hy snoei ons reg sodat ons lewens meer vrug tot Sy eer sal dra. Ons dink baiekeer wanneer seer en moeilike goed oor ons lewens kom, dat dit God is wat ons snoei. Dit kan Sy snoei wees. Maar Hy snoei in die eerste plek deur die Bybel. Ons lees in Johannes 15 vers 3: "Julle is alreeds reg gesnoei deur die woorde wat Ek vir julle gesê het." Die woorde van Jesus is God se snoeiskêr wat ons lewens kom reg snoei.

**Afsluiting**
Ons moet nie hier uitstap en in eie krag meer vrug probeer dra nie. Baie mense en gemeentes probeer uit eie krag om te doen wat reg is. Die maak van ons eie planne en loods van ons eie projekte gaan nie werk nie. Sonder Christus kan ons niks doen nie.

Die enigste manier waarop ek as gelowige en ons as kerk werklik gaan liefhê en leef soos Christus is wanneer ons in 'n lewende geloofsverhouding met Hom staan. Dit is wat ons moet doen. Ons moet in Hom bly. Dan vloei Sy lewenssap deur ons. Dan dra elkeen van ons vrug tot eer van God.
**Amen**